# WAARHEID EN DWALING

**Maandblad van die Gereformeerde Persvereniging Veritas**

1 Joh. 4:6 "....Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling".

Jaargang 2 Oktober 1995 Vol. 9

# DIAKEN: REFORMATOR

## Dalende lidmatetal

Daar word druk gesels oor die verskynsel van die dalende lidmatetal in die GKSA. Baie redes word daarvoor aangevoer. Die vraag 'Waarom daal die lidmatetal?' is egter nie die korrekte vraag nie (mens wonder selfs of hierdie vraag nie ontstaan het uit finansiële oorwegings, eerder as prinsipiële besinning nie). Die vraag moet eerder lui: Is die ampte gereformeerd? Oefen die dienaars hulle dienswerk uit in ooreenstemming met Christus se opdragte? Wanneer 'n kerk se lidmatetal daal kan daar 'n paar oorsake wees. Een daarvan is sekerlik deformasie en agteruitgang in die ampte. Iets wat beslis nie oor die hoof gesien mag word nie, is die rol van die diakens in hierdie saak. Die vraag ontstaan: help die diakens nie dalk die deformasie van die kerke aan nie, terwyl hulle juis tot die teendeel geroep is, naamlik om die liggaam van Christus op te bou?

## Deformasie van die ampte?

As die dalende lidmatetal as probleem aangespreek wil word, moet daar nie omgegaan word met allerhande randsake nie. Bysake, soos kunsmatige programme en ondeurdagte liturgiese nuwighede, sal nie die probleem aanspreek nie. Daar moet tot die kern van die saak deurgedring word: die reformasie van die ampte, en dan in besonder ook die diakenamp. Die diaken moet besef dat hy 'n enorme rol in die reformasie van die kerke speel. Die diaken moet gereformeerd begin leef. Natuurlik moet algemene stellings vermy word, maar tog moet 'n paar oorsake uitgewys word wat tot die deformasie van die diakenamp aanleiding gegee het, en wat hom uiteindelik wreek in die agteruitgang van die kerke.

## Vakante wyke

Een van die grootste "euwels" is ons kerke se siening van vakante wyke. Daar is niks mee verkeerd om die aantal ampsdraers in wyke te verdeel nie, maar om van 'n vakante wyk te praat is geheel iets anders. Die kerke het hier in die slaggat van die (Westminster?) demokrasie geval. Wanneer 'n diaken die amp om welke rede ookal neerlê, word geredeneer dat 'n "pos" oopgeval het, wat gevul moet word. Baie verkiesings geskied dan ook onder die noemer "...'n diaken vir wyk...".

Terwyl wyksindeling in die gemeentes 'n ordereëling is, is die siening van vakante wyke onskriftuurlik. Vanuit die wanopvatting oor vakante wyke is daar 'n sneeubal-effek op die hele gemeente.

## Gawes, nie wyke

Die eerste opvallende effek van die wanopvatting oor wyke, is dat daar net 'n vasgestelde aantal diakens is, en ten tweede dat daar net "verkiesing" van addisionele diakens is wanneer daar 'n vakante wyk ontstaan. Oor dekades het hier egter 'n belangrike negatiewe klemverskuiwing ingetree. Die klem het verskuif vanaf Christus wat iemand met gawes vir barmhartigheidsdiens toerus, na 'n vakante wyk wat "gevul" moet word. Baie keer word iemand, wat darem naastenby soos 'n diaken lyk, as diaken gekies, sonder dat daardie man noodwendig die gawes daartoe het. Nêrens staan dit geskryf dat diakens jonk moet wees nie, en tog is dit selde dat 'n ouer persoon daartoe verkies word.

## Tweederangs

Die visie wat die gemeente van 'n diaken het, speel hierin 'n groot rol. Alhoewel met die mond bely word dat diakens nie minderwaardig is m.b.t. die ander ampte nie, word dit nie só beleef nie. Die mees

*In hierdie uitgawe:*


- ★ Diaken: Reformator ........ 1
- ★ Skrifoordenking: Die owerheid as liturg ........ 3
- ★ Skepping en evolusie ........ 5
- ★ Land en Volk in die Bybel ........ 8
- ★ Boekresensie: Heilsverwagting ........ 11
- ★ Gereformeerde Persvereniging Veritas ........ 12

populêre, en ongereformeerde, siening van die gemeente is dié van 'n driehoek. Heel bo is die predikant wat eintlik die sluitsteen van alles word, onder hom is die ouderling, en onder hulle is die (veel jonger) diakens, en dan volg die lidmate op die onderste vlak.

Hierdie siening oor waar die diaken inpas, is onbybels. Die diakenamp sal reformeer as die diakens self weer begin optree as 'n selfstandige amp, wat aan die ander gelykwaardig is. Daar sal bekering moet kom oor hierdie siening van 'tweederangse dienaars'.

## Verkiesing

Die volgende saak wat aandag behoort te kry, is die proses van verkiesing. Die klem sal weer volledig op die gawes moet val. Waar iemand wat nie die gawes ontvang het nie, as 'n diaken verkies word met die woorde dat "God hom roep", is dit 'n gruwel voor God. Dit is ampsverwringing. Christus gee nie mense sonder gawes as bedienaars nie. Die gemeentes mag Christus nie beledig deur mense wat Hy nie as diakens gestuur het, as diakens te bevestig nie. Sulke praktyke dra nie God se seëning weg nie - inteendeel, dit is die oorsprong van die deformasie.

Baie keer word daar kruisies agter name getrek sonder dat die gemeente eintlik die persone ken. Die siening dat 'die Heilige Gees tog die regte persoon sal aanwys' word hier verkeerd aangewend. Gawes kan en moet eers biddend raakgesien word, en wanneer daar dan twee of meer is wat die nodige gawes vir die diakenamp besit, word daar eers tot verkiesing oorgegaan. Dit wil soms lyk asof talle diakensverkiesings deesdae meer te doen het met blinde dobbelary, as met roepingsgetroue gehoorsaamheid aan Christus, die gewer van gawes. Die gemeente kan en mag nie onbekende manne aanstel nie, en nog minder mense wat nie die nodige gawes het nie. Of nog erger, om hulle te verkies in die hoop dat hulle eie meelewing sal verbeter. Dit bring mens onwillekeurig voor die vraag: weet die deursnee diaken en lidmaat wat die dienswerk van die diaken behels? Dringende reformasie van al hierdie ongereformeerde praktyke is nodig.

Die laaste moontlike oorsaak vir die verval van die diakenamp is die selfsug van die gemeentes. Dit kom daarop neer dat die diakens "werkloos" sit omdat net na "nood" in die gemeente gekyk word. Christus roep egter die diaken om die gemeente só toe te rus dat ook die heidene buite die gemeente in aanraking met Christus en sy barmhartigheid gebring word. Gereformeerde gemeentes behoort van hulle diaken te verwag dat hy hulle leer om hulle naaste lief te hê - ook dié met nood buite die gemeente.

## Reformator

Die diakenamp moet weer uit die stof opstaan en die reformeerder word. Die diakenamp moet selfstandigheid bereik, en eerbaar naas die ander ampte funksioneer. En niemand gaan dít doen behalwe die diakens self nie. Hoe kan uit die gat van die deformasie in die gemeente, as gevolg van die verval van die diakenamp, gekom word? Deur die volgende te doen:

1. **Bekering** is noodsaaklik van alle onbybelse praktyke met betrekking tot die diakenamp. Ons moet ophou om met "vakante wyke" in die gemeente te werk. Christus bepaal hoeveel diakens in 'n gemeente hoort. Ons kan nie van God 'n getal afeis deur die aantal wyke wat ons vasstel nie. As Christus die hoof van die gemeente is, moet Hy ook hierin geëer word.

2. **Kennis** aangaande die diakenamp moet weer "algemene" kennis word. Die woordbediening by prediking, huisbesoek en kategese is hier op die oog. Die hele gemeente moet weet wat 'n diaken is (m.a.w. wat die gawes is), voordat hulle 'n diaken in hulle midde kan herken, en hom dan in God se naam roep en bevestig. Deformasie en gebrek aan kennis gaan hand aan hand. Die gemeentes moet gedurig bid dat God aan hulle die diakens sal uitwys. Slegs dié wat deur God gegee word, moet deur die gemeente ontvang word. Daar moet meer kennis van die gawes kom. Die enigste rede waarom iemand verkies word, mag bv. nie wees net omdat hy "twee keer op 'n Sondag in die kerk" is nie. Om die erediens by te woon, is die dankbaarheidsplig van elke gelowige en is nie 'n spesiale kenmerk van 'n toekomstige diaken nie — ander gawes moet by hom raakgesien kan word.

3. **Die tug** moet onvoorwaardelik toegepas word op diakenbroeders wat nie hulle dienswerk nakom nie. Die ouderling moet met dieselfde noulettendheid waarmee hulle op die predik-amp let, ook op die diakenamp let. Roepinglose dienswerk is 'n sonde. Onbekeerdheid hierin moet op die tug uitloop.

4. Die diaken moet besef dat hy geen tweedeklas lidmaat is, wat wag op "bevordering na die ouderlingsbanke" nie. Die welwese van die GKSA is in 'n groot mate afhanklik daarvan of die diakenamp weer **volwaardig en selfstandig** sal begin funksioneer. Alle oë is gerig op die diakens om self uit die Woord te begin reformeer. Dit is tog nie net die predikant se roeping om die gemeente te reformeer nie?

Indien daar volgens die opdragte van God vir die diakenamp, uit dankbaarheid vir sy verlossing, opgetree word, mag die seën van die Here daarop verwag word. En as God seën, verval alle bekommernis oor dalende lidmaattalle, omdat Christus dan by sy gemeentes voeg wie Hy wil, en hoeveel Hy wil.

★★★★★

## SKRIFOORDENKING:
## Rom 13:6, NGB 36a

## DIE OWERHEID AS LITURG (VOORGANGER) VAN GOD (Deel 2)

*"Want daarom betaal julle ook belastings; want hulle is dienaars van God wat juis hiermee vootdurend besig is".*

Verlede maand is in "Waarheid en Dwaling" die eerste deel geplaas van die owerhede as diakens van God. Daarmee is egter nog nie alles gesê oor die posisie van die owerheid nie. In Rom.13:6 is daar weereens sprake van die owerhede wat dienaars van God is. Dié keer word nie gepraat van diakens nie, maar van liturge. In ons spreektaal en leefwêreld is 'n liturg taamlik onbekend. Die voorganger in die erediens word 'n liturg genoem. Hy moet toesien dat die orde van die erediens (die liturgie) reg en vlot verloop.

### Onbetaalde diens

In die Romeinse wêreld, waarin Paulus die brief geskryf het, was 'n liturg egter nie vreemd nie. Letterlik wys dit op iemand wat vir die volk werk. Die woord is 'n kombinasie van die woorde laos (volk) en ergos (werk). Dit is 'n sosiaal-politieke begrip. Elke Griekse burger wat bo 'n sekere welstandsgrens geleef het, was deur die wet verplig tot onbetaalde diens ten behoewe van die samelewing. Daardie vrywillig-verpligte diens is liturgie genoem. Dit was 'n eer om sulke liturgie te behartig, want dit beklemtoon jou status.

### Priesters as liturge

Vir ons is dit van belang om vas te stel watter inhoud die Here aan die term liturgie en liturg gee. In die Ou Testament het dit 'n godsdienstige betekenis gehad. 'n Liturg is nie maar net iemand wat 'n onbaatsugtige diens aan die volk lewer nie. In die Ou Testamentiese tabernakel (tent van samekoms) wys dit op die diens aan God. Priesters is liturge. Hulle moet names die volk vir die Here offer. Sodoende moet hulle die volk voor God in die reine stel.

### Hoëpriester as liturg

In die Nuwe Testament is Jesus Christus, die Hoëpriester, die groot Liturg, die vervuller van die Ou-testamentiese liturgie. Die skrywer van die Hebreër-brief kom telkens daarop terug. Christus offer Homself ter wille van God se kinders, sodat reg tussen God en mens herstel word. Nog verder strek Christus se liturgie. In die hemel doen Hy voorbidding vir God se kinders op aarde, elke dag en elke keer as ons in gebed tot God nader.

### Diens nie net kerklik

Ook word elke gelowige in die Nuwe Testament opgeroep tot liturgie. In Rom.12:1 vermaan Paulus die gemeente om hulle liggame te stel as heilige en aan God welgevallige offers - dit is redelike godsdiens: liturgie. Kortom dus - diens aan God is liturgie. Nie slegs binne die kerk nie, maar ook daarbuite.

### Ampsdraers van God

Nou noem die Here die owerhede ook liturge. Hulle staan nie alleen as ampsdraers van God oor die volk nie, hulle staan ook namens die volk voor God. Deur middel van wetgewing en goeie regering moet die owerhede uit hulle pad gaan om die volk aan die enige ware God te bind. Hierdie beginsel is van groot belang.

### Artikel 36

In artikel 36 van die N.G.B. spreek ons die Skrifbeginsel suiwer na. Dit is nie alleen die taak van die owerhede om aandag te gee aan die staatsbestuur en daaroor te waak nie. Hulle moet ook hulleself daarop toelê om die heilige Woordbediening te beskerm. Owerhede is daarvoor verantwoordelik dat die kerk 'n stil en rustige lewe sal lei, sodat die kerk sy werk kan doen. Op hierdie punt moet ons artikel 36 nie verkeerd verstaan nie. Die uitroei van afgodery en valse godsdiens, die vernietiging van die ryk van die anti-chris en die verkondiging van die Woord waarvan in die artikel sprake is, is nie die taak van die owerheid nie. Daarvoor moet die kerke sorg. Die owerhede, as liturge van God, moet wel die ruimte daarvoor skep. Hulle moet self man vir man Godvresend wees om as waardige ampsdraers die eer van God en die belang van die volk te soek.

### Verandering van die grondwet

Die laaste tyd word daar te maklik by hierdie saak verby gekyk. Met die gesprekke oor die verandering van die grondwet en die opheffing van sekere wette en regulasies, word die posisie en taak van die owerheid ligtelik oor die hoof gesien. Daar word menslik geredeneer.

### Nie net tweede tafel

Die owerheid is volgens sommiges slegs gebind aan die tweede tafel van die wet (liefde tot die medemens) en nie aan die eerste tafel (liefde tot God) nie. Nog ander meen dat dit voordelig is dat beskermende wette van die wetboek afgehaal word. Dit sou dan goed wees dat die christen-burger 'n slag met die harde werklikheid gekonfronteer word. Nou sal dit blyk wie ware christene is en wie nie. Elkeen moet die saak vir homself uitmaak. Beskermende wetgewing oor Sondaghandel behoort byvoorbeeld 'n ware christen-gelowige nie op Sondae uit die winkels te hou nie. Hy moet self oortuig wees dat Sondag rusdag is.

## Eensydig

Dit is eenvoudig om só te redeneer; dit klink vir vele selfs reg en goed. Maar dit is baie eensydig, en daarom baie verkeerd. Want wat word van die owerheid as diaken en liturg? 'n Dienskneg is gebind aan die instellings en verordeninge van sy heer. Dit geld vir alle diensknegte, vir alle ampsdraers. Ouers mag nie willekeurig teenoor kinders optree nie.

Ouderlinge en diakens kan nie volgens 'n eie stel reëls die kerk regeer en die gemeenskap van die gelowiges stimuleer nie. Net so mag owerhede nie wette maak en wette skrap na eie goeddunke of na die smaak van die volk nie. Per slot van sake is hulle nie dienaars van die volk nie, maar dienaars van God, vir die volk.

## Verantwoordelikheid van die owerhede

So kom ons tegelyk by die verantwoordelikheid van die owerhede. Die verantwoordelikheid sluit aan en spruit voort uit hulle posisie. As diaken van God ontvang die owerheid die swaard. Die owerheid is wreker om die een wat kwaad doen te straf, en die een wat goed doen te loof. Die swaard wat die owerheid van God ontvang, is 'n gewigtige instrument.

## Moratorium op doodstraf

Gen.9:6 laat ons reeds sien wat daardie swaard inhou. Aan Noag en sy seuns het God beveel dat diegene wat die bloed van 'n mens vergiet, se bloed deur die mens vergiet sal word. In Genesis 9 is dit nog nie duidelik wie die vergeldingsaksie moet uitvoer nie. In Romeine 13 word dit wel duidelik. Owerhede is daarvoor verantwoordelik. Owerhede moet die Godgegewe lewe van die mens beskerm deur die doodstraf toe te pas waar iemand welbewus die lewe van 'n ander neem. Geen moratorium op die doodstraf kan hierdie gebod ongedaan maak nie. Die teendeel is waar. Waar die doodstraf tersyde gestel word, maak die owerheid sy swaard stomp en is hy 'n ontroue ampsdraer.

## Losbandigheid

Die hantering van die swaard reik egter verder as net die toepassing van die doodstraf. Ons glo en bely dat die wêreld deur middel van wette en regerings regeer moet word, sodat die losbandigheid van die mense in bedwang gehou moet word en alles onder die mens ordelik kan verloop. Vir dié doel het God die owerheid ook die swaard in die hand gegee om kwaaddoeners te straf en deugsames te beskerm.

## Pornografie

As diakens van God is die owerhede dus verplig om losbandigheid aan bande te lê. Sataniese aanslae moet nie alleen deur kerklike ampsdraers oopgevlek word nie, maar ook deur owerhede beveg word. Streng wetgewing moet dinge soos pornografie, dobbelary, Godslastering en onwelvoeglike kleding in die openbaar, aan bande lê. Die mens se natuurlike neiging om God en sy naaste te haat, moet sover as moontlik onderdruk word.

## Goddelose gees

Dit is vir die owerhede onmoontlik om die goddelose uit te roei. Dit is ook nie hulle taak nie. Maar dit is wel die taak van die owerheid om die goddelose gees teen die grond af te sny, sodat dit nie weelderig in die samelewing sal blom nie. Daarby kom die liturgiese verantwoordelikheid van die owerhede. Hulle moet aan die Here, hulle Opdraggewer, eer bewys. Deur goeie voorbeeld moet hulle Godsvrees by hulle onderdane wek. Deur self in die weë van die Here te wandel, moet hulle die volk aanspoor tot diens aan God.

## Konings

Wat dit betref is die konings van Israel sprekende voorbeelde. Nie dat ons tussen die Outestamentiese konings en hedendaagse owerhede 'n direkte is-gelyk-aan-teken kan plaas nie. Die konings van Israel was bo alles konings oor die verbondsvolk. En dit kan ons nie van vandag se konings en staatspresidente sê nie. Nogtans vind ons in die optrede van die konings belangrike rigtingwysers. Dawid, die koning na Gods hart, het die volk gelei om God in Godsvrees te dien. Gedurende die dae van sy heerskappy was die hart van die volk deurgaans op God gerig. Maar dan was daar ook konings soos Agab en Jerobeam. Jerobeam maak goue kalwers: hy oortree die eerste twee gebooie. Agab trou met die heidense vrou Isebel, en trek op dié manier die afgode van Kanaän op die verbondserf in. Die gevolg is dat die hele volk agter hulle koning aangaan en die Here hulle God vergeet. Israel word in 'n krisis gedompel omdat die ampsdraer sy Ampgewer uit die oog verloor het.

## Politieke siening

Romeine 13 stel ons voor belangrike en ernstige beginsels. Aan hierdie beginsels moet owerhede getoets word: plaaslik, nasionaal en internasionaal. Die eerste vraag is nie of die owerheid my politieke siening deel nie. Die vraag moet wel wees: Is hierdie owerheid 'n diaken? Wil hy hom bind aan God se Woord? Blyk dit uit sy optrede dat hy die Here meer liefhet as mense? Is hy liturg wat die Here vrees en die volk daarin voorgaan? Of is hy daarop ingestel om te oorheers, sy eie stempel af te druk, 'n politieke spel te speel?

Die laaste strofe van ons volkslied laat ons op die basis van Romeine 13 staan. Ja, waarlik, wie in alles kneg van die allerhoogste is, sal teen die hele wêreld vry wees en hoef die wye wêreld nie te vrees nie. Owerhede wat hulleself volkome aan God bind, ondervind die seën van God, omdat hulle in hulle regeerwerk God die Here laat sien en hoor. Met ons

land en met ons nasie sal dit wel wees, solank owerhede in diens van God regeer.

Wee egter die owerhede wat hulleself van God losmaak. Hulle staan in God se pad, hulle verdring sy Koningskap — dit duld God nie. Vir sulke owerhede geld die oproep van Psalm 2:

*"Wees dan nou verstandig, o konings, laat julle waarsku, o regters van die aarde; dien die Here met vrees en juig met bewing. Kus die Seun, dat Hy nie toornig word en julle op die weg vergaan nie, want gou kan sy toorn ontvlam".*

Daar kom 'n dag van afrekening, waarin alle mense verantwoording moet doen voor die hemelse Regter. Ampsdraers sal ook oor hulle ampswerk verantwoording moet doen. Bid daarom dat owerhede wysheid en krag mag ontvang om God-welbehaaglik te regeer.

**G.J. Meijer.**

★★★★★

# Skepping en evolusie (Deel 1)


**Prof. dr. Willem J. Ouweneel**

***Bioloog, filosoof, teoloog***
***Evangelische Hogeschool, Amersfoort (NL); Potchefstroomse Universiteit vir CHO***


In enkele artikels wil ek graag 'n paar opmerkings maak oor die skepping vanuit die gesigspunte van die drie wetenskappe waarin ek gedoktoreer het: die filosofie (Vrije Univ., Amsterdam), die teologie (UOVS, Bloemfontein) en die biologie (Staten Univ., Utrecht). Die filosofie is belangrik omdat dit die sg. 'voorvrae' van die skepping/evolusie-diskussie behandel. Die teologie is belangrik omdat skepping 'n Bybelse begrip is en die teologie dus die eerste wetenskap is wat daaroor iets te sê het. Die biologie is belangrik omdat die belangrikste onderdeel van die skepping/evolusie-problematiek die geskiedenis van die lewe op aarde is.

## 1. Die voorvrae
### 1.1 'Skeppingswetenskap'?

Natuurwetenskaplikes wat die evolusieleer afwys en in die Bybelse skepping glo, word dikwels 'kreasioniste' genoem. Ek hou nie van die woord 'kreaisonisme' nie, want enige -isme is nie wetenskap nie, maar ideologie. Sommige kreasioniste het dit wel aangevoel en praat liewer van 'skeppingswetenskap' (creation science); maar hierdie term het ook besware. Die woord skepping het twee betekenisse, wat goed onderskei moet word. Die een betekenis sien ons in 'n uitdrukking soos 'die skepping van die wêreld'; 'skepping' beteken dan die werk van die skepping. Die ander betekenis sien ons in die uitdrukking 'die wêreld is God se skepping'; 'skepping' beteken hier die resultaat van God se skeppingswerk, dus die geskape werklikheid.

Op watter betekenis het die 'skeppingswetenskap' betrekking? Geen enkele wetenskap kan iets wetenskapliks oor die werk van die skepping sê nie; dit is en bly vir ons 'n geheimenis. Ons kan God se werk nie deurgrond nie. Selfs die teologie kan oor die skeppingswerk maar net napraat wat die Godsopenbaring daaroor onthul het. Het die sg. 'skeppingswetenskap' dan betrekking op die geskape werklikheid? Ja natuurlik, maar elke ander wetenskap het ook daarop betrekking! Alle wetenskappe, van wiskunde tot teologie, bestudeer God se geskape werklikheid, elk vanuit sy eie gesigspunt. Daarom wys ek ook die uitdrukking 'skeppingswetenskap' af. Wat hierdie uitdrukking wil sê is dat dit betrekking het op die ontstaan van die heelal en van die lewe, en op die geskiedenis van die verskillende lewensvorme op aarde, en wel op 'n bepaalde manier waarop ek direk terugkom.

'n Ander beswaar teen die term 'skeppingswetenskap' is dat dit 'n religieuse term, 'skepping', introduseer in iets wat basies 'n natuurwetenskap wil wees. Die skeppingsidee as sodanig behoort nie tot die terrein van die eintlike natuurwetenskap nie, maar tot die wêreldbeskouing waarin 'n Christen se wetenskapsbeoefening gegrond is. Ek sê dit nie omdat ek 'n soort skeiding van geloof en wetenskap propageer nie, inteendeel. Die misleidende stelling dat die skepping tot die geloof behoort en die ewolusie tot die wetenskap, het juis 'n katastrofiese uitwerking gehad. Ek onthou my fisiologieprofessor, wat sy klaase begin het met die opmerking dat die wêreld op twee maniere kon ontstaan het: deur skepping of deur evolusie. Aangesien skepping egter tot die godsdiens behoort, sê hy, kan hy daaroor nie verder praat nie, en daarom kom slegs evolusie in aanmerking. Talle mense maak hierdie eienaardige denkfout.

### 1.2 Geloof versus geloof

Omdat skepping inderdaad 'n religieuse begrip is, hoort dit nie tuis binne die eintlike natuurwetenskapsbeoefening nie. Wetenskap is egter nie 'n neutrale, objektiewe, onbevooroordeelde saak nie, maar word altyd deur 'n bepaalde wêreldbeskouing begrond, en daarin speel 'n skeppings- of evolusiegeloof wel 'n sentrale rol. In talle gevalle maak 'n mens se wêreldbeskouing geen groot praktiese verskil nie; of 'n mens die lig eerder as 'n golf- of as 'n deeltjieverskynsel sien, het baie min met sy geloofsopvattings te doen. By die skepping/evolusie-diskussie is dit egter baie anders, want dit raak my in my diepste innerlike, my afkoms, ontstaan, wese en sin. 'n Natuurwetenskaplike evolusieteorie word derhalwe begrond deur 'n evolusiegeloof wat talle wêreldbeskoulike implikasie het. Hierdie evolusiegeloof is onversoenbaar met die tradisionele skeppingsgeloof, wat, soos dit lyk, in die Skrif steeds 'n plotselinge, oombliklike ontstaan impliseer

(kyk onder).

In die skepping/evolusie-diskussie gaan dit dus nie om geloof teenoor wetenskap nie, maar ten diepste om twee gelowe, twee wêreldbeskouings: een wat uitgaan van die geloof in 'n ontwikkelingsproses wat biljoene jare omvat het, en een wat die oorsprong van die heelal, van die lewe en van die verskillende lewensvorme aan oombliklike skeppingsdade van God toeskryf. Dit gaan dus hier om geloof teenoor geloof, wêreldbeskouing teenoor wêreldbeskouing. Die moderne evolusieteorie het dan ook tot ontwikkeling gekom, nie deurdat die geoloog Charles Lyell of die bioloog Charles Darwin so deur 'die feite' oorweldig was nie, maar omdat hulle vanuit 'n suiwere Verligtingsopvatting allereers wou afreken met die Bybelse skeppingsidee en sondvloedleer (wat deur vroeëre geoloë gebruik was om die aardlae te verklaar). Dit was ook veral Darwin se ateïstiese en agnostiese vriende soos Thomas Huxley, Ernst Haeckel en Herbert Spencer wat die Darwinisme entoesiasties versprei het, veral ook om daarmee die Christendom te bestry. Sedertdien het verskeie ander evolusioniste openlik toegegee dat hulle in evolusie glo, nie omdat die feite die evolusie-idee noodsaaklik maak nie, maar omdat die enigste alternatief, naamlik afsonderlike skepping van die hooflewensvorme (special creation), vir hulle onaanvaarbaar was. Dit is nie vakwetenskaplik onaanvaarbaar nie, maar ideologies, wêreldbeskoulik onaanvaarbaar.

Dit gaan dus om 'n diskussie tussen geloof en geloof. Dit gaan egter wel deeglik ook om 'n diskussie tussen wetenskap en wetenskap. As ons die geloofvooronderstellings 'n oomblik uitlos, gaan die hele diskussie om twee verskillende natuurwetenskaplike ontstaansmodelle. Die een model is dikwels 'skeppingsmodel' genoem, maar om wetenskap en wêreldbeskouing goed te onderskei, praat ek liewer van die polifileties-homeostatiese model. Voordat ek daarop nader ingaan, moet ons egter eers na enkele teologiese aspekte kyk.

## 2. Teologiese aspekte
### 2.1 Geskiedkundige ontwikkeling

In die hele skepping/evolusie-diskussie speel natuurwetenskaplike aspekte natuurlik 'n hoofrol. Daar was in hierdie eeu altyd wetenskaplikes wat gesê het dat hulle nie noodwendig in skepping glo nie, maar dat hulle nietemin die evolusie-idee afwys, omdat dit glo onvoldoende deur die wetenskaplike feitemateriaal gedek word. Aan die ander kant speel egter ook teologiese aspekte 'n rol. Immers, wie die tradisionele skeppingsidee aanhang, staan by voorbaat nie oop vir feite wat vir die evolusie-idee sou kon pleit nie; en wie 'n buigsame skeppingsidee aanhang wat ook ruimte laat vir 'skepping deur middel van evolusie', staan by voorbaat heeltemal oop vir die evolusie-idee. Die vraag is nou watter skeppingsidee, die tradisionele een of die modernistiese een, die meeste met die Bybel in ooreenstemming is.

Hierbo het ek gepraat van die tradisionele skeppingsgeloof, wat klaarblyklik in die Skrif steeds 'n plotselinge, oombliklike ontstaan impliseer. Kyk bv. Gen. 1:3, Ps. 33:9 en Rom. 4:17, waar God die dinge deur Sy Woord oombliklik tevoorskyn roep; dit is ook die prentjie wat die onbevooroordeelde leser in Genesis 1 kry. As mense beweer dat God die wêreld deur middel van evolusie geskep het, moet hulle bedink dat dit 'n verwarring tussen skepping en onderhouding is, en dis 'n elementêre teologiese denkfout. Ons erken almal dat God ook die mikro-evolusie (die vorming van nuwe rasse en soms selfs soorte) bestier, maar dit is nie skepping nie. Die idee van 'skepping deur evolusie' stem nie ooreen met die skeppingsidee soos die onbevooroordeelde leser dit uit die Bybel optel nie. Andersyds is die vraag egter of so 'n 'onbevooroordeelde' leser werklik bestaan! Vir die teologie geld naamlik presies dieselfde as vir die biologie: teologiese opvattings is eweseer in bepaalde wêreldbeskouings gegrond as bv. biologiese opvattings. Die tradisionele skeppingsidee berus nie noodwendig op 'n 'eenvoudig lees van die Bybel' nie, en die moderne skeppingsidee berus nie noodwendig op 'nuwere teologiese insigte' nie. Die saak is baie ingewikkelder.

Ek kan daaroor nie al te uitvoerig praat nie, maar een ding moet duidelik wees. Die teoloë kan ongelukkig nie 'objektief' uitwys wat die Skriftuurlikste skeppingsidee is nie, omdat hulle siening in hierdie opsig self deur die skepping/evolusie-diskussie beïnvloed is. In die negentiende eeu het 'n aantal teoloë in die begin Darwin en die ander evolusioniste kragtig beveg, net soos in die dae van Galileo. Vandag is die omgekeerde die geval. Partykeer spreek teoloë die oortuiging uit dat as 'n mens vandag nog geloofwaardige teologie wil bedryf, in die eerste plek alle uitsprake wat in stryd met die moderne natuurwetenskap is, vermy moet word. As 'n mens dit hoor, lyk dit amper asof ons weer terug is in die dae van Galileo, toe 'n totalitêre kerk vir die wetenskap voorgeskryf het wat gesê kon word, en wat nie. Maar nou is die rolle omgedraai: benoude teoloë aanvaar 'n vrywillige swygplig om maar niks te sê wat die natuurwetenskap sou kon mishaag nie. Dit betref egter feitlik glad nie die suiwere natuurwetenskap, d.w.s. die wetenskap wat hom beperk tot die empiriese verskynsels nie, maar die natuurwetenskap wat hom stilswyend tot die vlak van 'n wêreldbeskouing, 'n filosofie of selfs 'n religie verhef het.

Die teoloë se neiging om aan die leiband van die filosofie of die natuurwetenskap te loop, het reeds in die negentiende eeu begin. Die Duitse filosoof Georg Hegel het reeds voor Darwin 'n historistiese benadering bepleit, waarin die werklikheid, alle kultuur- en samelewingsvorme, alle waardes en norms maar net as resultaat van 'n bloot historiese proses gesien word. Hierdie historisisme benewens 'n kultuuroptimistiese 'vooruitgangsgeloof' benewens 'n geweldige verering vir die natuurwetenskap het die pad vir Darwin geëffen. Darwin het glo 'n natuurwetenskaplike grondslag gelê onder die 19e-eeuse historisisme, relatiwisme en kultuuroptimisme.

Hierdie '-ismes' het ook groot invloed binne die teologie uitgeoefen. Dit was veral die Duitse teoloog Julius Wellhausen wat 'n sekere evolusie-idee binne die teologie voorgestel het. Voorheen was die volgorde in die heilsgeskiedenis: eers die wet van Moses, dan die profete wat die volk tot die wet probeer teruglei het. Wellhausen en andere het egter die volgorde omgekeer. Vanuit die evolusionistiese denke was dit ondenkbaar dat reeds in Moses se tyd so 'n hoogstaande geskrif as die Torah geskryf kon geword het. Israel se godsdienstige geskiedenis moes noodwendig op 'n baie primitiewe vlak begin het en die eintlike monoteïsme kon eers in die tyd van die profete ontstaan het, en eers daarna was die Torah opgestel.

## 2.2 'Mitologiese ontlening'?

Ofskoon talle teoloë 'n behoudender siening as Wellhausen s'n gehuldig het, kon die basiese evolusie-idee tog nie meer uit die teologie uitgelos word nie. Selfs taamlik konserwatiewe teoloë het vandag weinig moeite om aan te neem dat die Torah in sy teenswoordige vorm geheel of grotendeels eers in of ná die ballingskap ontstaan het, dat daar in die Ou testament teenstrydige skeppingsopvattings voorkom en dat een of meer daarvan aan ander volke 'ontleen' is, soos aan die Soemeriërs, die Babiloniërs of die Fenisiërs. In streng literêre sin word hierdie opvattings 'mites' genoem, omdat dit stories omtrent die wêreld se ontstaan is waarin godefigure 'n rol speel. Die Bybel verskil glo slegs in graduele opsig positief van die heidense volke se ou geskrifte en dus kan in die Bybel nie alles geskiedkundig en natuurwetenskaplik ernstig opgeneem word nie. Die moderne natuur- en geskiedwetenskap sou die Bybel hier in talle opsigte as 'n 'agterhaalde' boek ontmasker het.

Volgens hierdie siening het Israel sy skeppings- en natuurvoorstellings ontleen aan die heidense mitologie en hierdie voorstellings vervolgens ontmitologiseer — d.w.s. ontdoen van bv. politeïstiese elemente — en tot 'geskiedenis' omgewerk. Daarteenoor stel ek dat ons in die Skrif met *geïnspireerde geskiedskrywing* te doen het. Israel het sy skeppingsgeloof nie aan die heidene *ontleen* nie, maar deur openbaring van God *ontvang*. Nie die Bybelse skeppingsgeloof kom van die heidene nie, maar die heidense mitologie gaan in die kern terug op 'n historiese werklikheid. Hierdie werklikheid is in die heidense mitologie sterk verbaster en is slegs in die Skrif suiwer oorgelewer. Sogenaamde 'mitiese' elemente, bv. figure soos Rahab en Leviatan, stam ewemin uit die godsdienstige verbeelding en is ook nie deur die Skrif aan die heidene 'ontleen' nie, maar betref konkreet bestaande engelmagte. Die feit dat die heidense volke soms hierdie name ook ken, beteken nie noodwendig dat Israel dié name van hulle oorgeneem het nie, maar veeleer dat die Joodse en heidense geskrifte teruggaan op dieselfde konkrete werklikheidservarings. Dit bly waar, selfs as aangetoon kon word dat die Joodse geskrifte baie jonger as die heidense bronne is, wat nie aangetoon kan word nie.

Hierdie siening het ook die voordeel dat ons nie 'n groot onderskeid hoef te maak tussen die 'openbaringsgeskiedenis' van die historiese Bybelboeke enersyds en Israel se subjektiewe 'geloofsbelewing' in die Psalms en die subjektiewe 'geloofsverkondiging' in die profetiese boeke andersyds nie.

Of dit nou om die historiese of om die digterlike en profetiese boeke gaan, die meeste van dit wat daarin as 'mitiese elemente' aangedui is, gaan in werklikheid terug op konkreet bestaande geestelike werklikhede, wat hoogstens in simboliese taal beskryf is. Sulke 'mitiese elemente' wys nie op die Bybel se geskiedkundige en natuurwetenskaplike onbetroubaarheid nie, maar wys veeleer op 'n konkrete, geestelike wêreld van engele en demone, wat agter die natuurverskynsels skuilgaan en wat deur God geopenbaar is. Slegs 'n dergelike siening voorkom die fundamentalistiese dwang om alles wat die moderne teologie in die historiese boeke as 'mitiese elemente' uitwys, krampagtig weg te redeneer.

## 2.3 Die chaosmagte by die skepping

As Genesis 1:2 praat van die 'groot waterdiepte' (Hebr. *tehoom*), word hier vermoedelik dieselfde mag aangedui as wat elders met die naam *Rahab* weergegee word (vgl. Job 9:13, 26:12). Die rabbynse tradisie sien in Rahab die monsteragtige engelvors van die see of die oeroseaan. In Ps. 89:11 en Jes. 51:9 word by Rahab blykbaar aan die oeroseaan in Gen. 1 gedink. Rahab verwys oorspronklik na die vroulike chaosmonster, vergelykbaar met Tiamat in die Babiloniese mitologie. Hierdie naam Tiamat klink vermoedelik deur in die Hebreeuse *tehoom*. Rahab is dàn die chaosengel, die engelvors van die oorspronklike toestand van woestheid en leegheid, en veral van die wêreldwye, onstuimige 'vloed'. In Job 38:8-11 sien ons duidelik hoe God hierdie chaos-engelvors bedwing het.

Dit is veral die moderne vormkritiek wat baie aandag gegee het aan die 'monster' (die engelvors) van die oerchaos of oeroseaan. Sulke beskouings word dan egter gebruik om Gen. 1 na die ryk van die mitologie in ónhistoriese sin te verwys. Dit is die rede hoekom talle konserwatiewe teoloë vir sulke beskouings bevrees is. Ons moet egter nie die kind met die badwater weggooi nie. As in die Ou Testament inderdaad verwys word na die chaosmagte wat by God se skeppingswerk 'n (negatiewe) rol gespeel het, moet ons hierdie gegewens nie verdring nie, maar aan hulle reg doen. Modernistiese teoloë gebruik hierdie gegewens om Gen. 1 te 'onthistoriseer' en beweer dat dit in Genesis maar net gaan om die feit *dat* God die wêreld geskep het, nie *hoe* Hy dit gedoen het nie. Konserwatiewe teoloë het daarenteen gewoonlik glad nie oog vir die metahistoriese elemente in die skeppingsgeskiedenis nie, omdat hulle eensydig gekonsentreer is op die historiese aspek van Gen. 1. Deur die moderne teoloë kan ons, ondanks hulleself,

aandag kry vir die geestelike stryd in die hemelse geweste, ook in die skeppingsgeskiedenis. Die konserwatiewe teoloë is daarenteen ook reg dat hulle klem daarop lê dat Genesis 1 basies net so histories as die res van Genesis is. Die Bybel is nooit en nêrens 'n geskied- of natuurwetenskaplike handboek nie — maar wat in die Bybel geskryf word, ook in Genesis 1, is basies waar; dit het werklik gebeur.

Dit gaan inderdaad in die Bybel nooit om historiese feite as sodanig nie. Ons aanvaar Genesis 1 ook nie as wetenskaplike inligting nie, maar as geloofsmededelings wat vervat is in alledaagse taal — ons geloof het nie net op God of die geestelike heil betrekking nie, maar ook op God se konkrete heils*dade*, wat plaasgevind het in die natuur en in die geskiedenis. Die Bybelse geskiedenis is heilsgeskiedenis, maar darem wel deeglik heils*geskiedenis*. Sowel die skepping as die sondeval en die verlossing het hulle in die geskiedenis voltrek. So belangrik as wat dit is om die Bybel histories ernstig te neem waar hy van die verlossing praat — dink aan kruis en opstanding — so belangrik is dit om die Bybel histories ernstig op te neem waar hy van die skepping en die sondeval praat. Dit gaan in die Bybel nie net om die feit *dat* God verlos het nie, maar ook *hoe* Hy verlos het. Op dieselfde wyse gaan dit in die Bybel nie net om die feit dat God geskep het nie, maar ook hoe Hy geskep het, d.w.s. eerstens deur Sy Magswoord, tweedens in ses dae, soos Ex. 20:17 uitdruklik sê, derdens in 'n groot verskeidenheid aan lewensvorme, soos die Hebreeuse uitdrukking 'volgens sy aard' uitwys.

Genesis 1 is *openbarings*geskiedenis, net soos in alle historiese gedeeltes van die Skrif. Dit beteken nie noodwendig dat alle wetenskaplike teorieë wat fundamentaliste uit Genesis 1 aflei, reg is nie; maar dit beteken ewemin dat moderne teoloë hulle so maklik van die historisiteit van Genesis 1 kan losmaak. Ek ken geen eksegetiese gronde wat uit die Skrif sélf afgelei kan word, wat vir ons die reg gee om Genesis 1, of 1-11, te reduseer tot spiritualiteit of tot 'n Barthiaanse *bo-geskiedenis* nie.

★★★★★

## LAND EN VOLK IN DIE BYBEL (2)

**Prof. W.J. Snyman**
**Uit: Republiek en Koninkryk**

### Verbondsverhouding

Die verhouding tussen land en volk is ook 'n verbonsdverhouding. Dit is die besondere wat die Skrif ons leer in verband met land en volk, spesiaal met betrekking tot die volk Israel en sy land. Israel is verbondsvolk en sy land die beloofde land. Daar is so 'n nou verband tussen land en verbond dat dit gelykkluidend geword het: Die Here het hulle uit Egipteland laat optrek en gebring in die land wat Hy aan hulle vaders met 'n eed beloof het, en gesê: Ek sal my verbond met julle in ewigheid nie breek nie... (Rig. 2:1); die Here sal dink aan sy verbond met Jakob en met Isak en met Abraham en dink aan die alnd wat Hy beloof het (Lev. 26:42). Die land was nie alleen 'n beloofde land nie maar ook 'n land van beloftes, bestem om te word soos die tuin van Eden (Eseg. 36:35), 'n herhaling dus van die paradys en heenwysend na die nuwe aarde (Eseg. 37:27; Open. 7:15-17; 21:3).

### Twee dele

Die verbond het egter uit twee dele bestaan. As verbondsvolk was Israel verplig tot gehoorsaamheid. Die verbinding tussen land en volk was gebonde aan die hou van die insettinge en verordeninge van die Here (Lev. 18:28). Net soos die land, so was die "insettinge en verordeninge" gelykluidend met die verbond. Verwerping van die insettinge was verbreking van die verbond en derhalwe van die verbondenheid met die land (Lev. 26:17,33). Saamgevat was die verbondsverhouding: wandel in die insettinge en onderhoud van sy verordeninge, en: woon in die land wat die Here aan hulle vaders gegee het (Eseg. 36:26) "en julle sal vir my 'n volk wees en Ek sal vir julle 'n God wees" (Eseg. 36:28, vgl. Open. 21:3).

### Insettinge

Die insettinge van die Here omvat die hele wetgeweing op Sinaï (Deut. 28:58), en sluit hulle verhouding in tot God, tot die naaste en ook tot sy besitting in die land (Deut. 19:14) en hulle behandeling van die land self: die ballingskap was ook om die uitgeputte land sy sabbatsrus te gee (Lev. 26:23). Die onderhouding van die insettinge moes nie maar min of meer geskied nie, maar hulle moes daar baie vas by bly om sorgvuldig te doen alles wat geskrywe is in die wetboek van Moses (Deut. 28:1,58), om nie daarvan links of regs af te wyk nie (Jos. 28:6). Dan sou die beloofde land 'n land van beloftes wees, van vrugbaarheid van die land, van mens en dier, van welvaart en gesondheid, van seëninge in bedryf en boerdery, van vrede, veiligheid (ook op pad) en sekuriteit (Deut. 28:1-12).

### Dodeakker

By oortreding sou daar skeiding kom tussen land en volk; die land gee nie wat dit beloof nie. Die verhouding sal versteur wees. Hulle sal 'n geteisterde, bedreigde, kwynende, rampspoedige, ongelukkige, gefrusteerde volk wees in hulle land (Deut. 28:15-68), deur siektes, honger, wilde diere en oorloë, die vier kwaai gerigte van die Here, (Eseg. 14:21, Jer. 14:12 ens., vgl. Open. 6:1-8). Hulle sal op hulle paaie oorval word deur ongelukke (Deut. 28:19). Hulle sal vreemdelinge wees in hulle eie land, ander heersers in hulle eie land dien, wat die opbrengs van die land voor hulle wegneem (Deut. 28:33); hulle sal altyd laer afsak, en hulle nie kan handhaaf teenoor die vreemdeling nie, wat hulle sal verbystreef in hulle land (Deut. 28:43), die land wat

aan hulle beloof het. In plaas van sy lewensbodem sal die land 'n dodeakker wees.

## Uitspuug

Die land sal egter nie alleen 'n "menseter" wees nie (Eseg. 3:13), maar hom uitspuug (Lev. 18:25,28). Die einde sal wees letterlike verwydering van volk en land. Die volk sal uitgeruk word (Deut. 28:63) en die land 'n wildernis word (Jes. 62:4). Die verbond sluit dus in dat ter wille van die oortreding van die volk ook die land deur oordele getref word (vgl. Gen. 3:17,18; Rom. 8:20). En: in die oordele wat die land tref vir die volk se oortredinge, word die volk gestraf vir sy oortredinge.

## Banvloek

Die verbod het ook ingesluit: algehele "apartheid", verbod op vermenging met die onder hulle oorgeblewe volkere. As hulle hul sou verswaer en sou vermeng met die volkere sal hulle wees "'n vangnet, 'n strik, 'n angel in julle sye, dorings in julle oë, totdat julle omkom in die goeie land" (Jos. 23:13). Vermenging is oortreding van die verbond. Die keersy van die verbond was die banvloek (Deut. 7:2), dit is algehele uitroeiing (Deut. 20:16) wat nie ineens moes geskied nie, sodat die reste kon dien tot beskerming teen die wilde diere vir die volk Israel (Deut. 7:22). Die uitroeiing was nie maar willekeur nie. Dit was omdat hulle ongeregtigheid vol geword het (Gen. 15:16), omdat hulle die land onrein gemaak het deur 'n "gruwelike vermenging", naamlik van mens en dier (Lev. 18:23). Daarom het die land hulle "uitgespuug" (Lev. 18:28), wat later ook met Israel gebeur het vanweë hulle ongeregtigheid.

## Ontbindbaar

Die hou van verordeninge en insettinge was hulle geregtigheid. Die verhouding tussen land en volk was 'n saak van geregtigheid. Deur gehoorsaamheid sou die volk geregtig wees op die land. Anders het hulle as verbondsvolk hulle aanspreek op die beloofde land verloor. Die band tussen volk en land was dus ontbindbaar.

## Herstelbaar

Hiermee is die band tussen land en volk egter nog nie ten volle beskryf nie. "Ek sal my verbond met julle in ewigheid nie verbreek nie, maar julle mag geen verbond met die inwoners maak nie" (Rigt. 2:1). Die onontbindbaarheid van die band straal hier deur. As hulle onbesnede hart hom verneder en hulle boet vir hulle ongeregtigheid dan sal die Here dink aan sy verbond met Jakob en met Isak en met Abraham, en aan hulle land sal hy dink (Lev. 26:42). Die band was herstelbaar. Ook dan, as hulle in die land van hulle vyande is, verwerp die Here hulle nie en het geen afkeer van hulle nie, sodat Hy 'n einde aan hulle sou maak nie, want Hy is die Here hulle God en Hy sal tot hulle beswil dink aan die verbond met hulle en hulle vaders, (Lev. 26:45). Ook dit was ingesluit in die insettinge en verordeninge en die wette wat die Here tussen Hom en die kinders van Israel by die berg Sinaï deur die diens van Moses gegee het (Lev. 26:46).

## Ter wille van die Here

Die verstel van die band was seker. Ten diepste het dit in die verhouding tot hulle land nie om hulle gegaan nie maar ter wille van die Here (Eseg. 20:9;14 ens., 36:22,33). Die heidene sou sê: hierdie mense is die volk van die Here en hulle moes uit die land uittrek (Eseg. 36:20). Dit is die dieper grond van hulle geregtigheid. "Daarom sal die Here hulle uit die nasies gaan haal en uit die lande bymekaar laat kom en hulle in hulle land bring. Dan sal die Here skoon water op hulle giet en sy Gees in hulle binneste gee en sal maak dat hulle in sy insettinge wandel en sy verordeninge hou en doen" (Eseg. 36:24-27). Dit is die nuwe verbond met sy nuwe geregtigheid wat bestaan in vergewing van sondes en die inskrywing van die wette in hulle harte (Jer. 31:31-34) waardeur die band tussen land en volk verseker sal wees: "Julle sal woon in die land, wat Ek aan julle vaders gegee het, en julle sal vir my 'n volk wees en Ek sal vir julle 'n God wees" (Eseg. 36:28 ev, Open. 21:3)

Omtrent die betekenis hiervan vir die afsonderlike volkere en hulle lande kan hier slegs enkele riglyne gegee word. Hieromtrent bestaan daar uiteenlopende menings.

## Naïewe verklaring

'n Verklaring wat nie onbekend is nie is dat (sekere) gegewens direk oorgebring word op die afsonderlike volke en hulle lande sonder inagneming van die verskil tussen Israel as besonderlike volk en die afsonderlike volkere. Hierdie wyse van verklaring kan bestempel word as naïef. Tipies is die nog gangbare beroep op die verbod op vermenging, waarby oor die hoof gesien word dat dit nie gaan om Israel as volk onder volkere nie maar as heilige volk, en die bewaring van hierdie enige karakter teenoor alle volkere, en dat vermenging gelyk gestaan het aan die afval van God (Deut. 7:4), en as oortreding geval het onder die eerste gebod.

Diegene wat hierdie verbod op vermenging alleen geestelik wil verstaan en laat sien op gelowiges en ongelowiges (2 Kor. 6:14), op skeiding van kerk en wêreld moet gelyk gestel word. Dit beteken nie dat die godsdienste en die Skriftuurlike fundering van afsonderlike volkere hiermee verval nie, maar slegs die verkeerde fundering daarvan. Die regte fundering is nie in die afsondering van Israel nie (Gen. 12:1), maar in die verdeling van die mensheid in verskillende volkere (Gen. 10:5, Deut. 32:8, Hand. 17:26), nie deur 'n verbod op vermenging nie, maar hulle lande elkeen na sy taal (Gen. 10:5, 20, 31). Wil 'n volk sy afsonderlikheid bewaar dan moet daarby kom: elkeen in sy land. Geen volk sal daarin slaag om by hierdie ordinansie van God verby te kom nie, ook nie deur die verbod op vermenging nie.

## Godsvrug

In samehang hiermee moet ook gesien word 'n diep ingewortelde godsdienstigheid wat die toekoms van land en volk afhanklik maak van die godsvrug van die volk en die bewaring van die geloof van die vaders (vgl. die vyfde gebod). Dit is oorbekende klanke. Dit is so diep ingewortel dat dit baie onvroom skyn te wees en in te druis teen ons volkstradisie as hierdie soort vroomheid enigsins aangetas sou word. Tog moet gesê word dat in hierdie volksvroomheid die onderskeid tussen Israel as besondere volk en sy land en die afsonderlike volkere en hulle lande verby gesien word. Is die verskil dat die verhouding tussen land en volk by Israel 'n godsdienstige of 'n verbondsverhouding was, terwyl die verhouding by die ander volke wel as 'n ideële, kulturele, natuurlike, maar nie as godsdienstige beskryf moet word nie?

Die antwoord is: Die verhouding van elke volk tot sy land is ook 'n godsdienstige, 'n godsdienstige dan in die sin van 'n min of meer godsdienstigheid, waardeur 'n volk sy toekoms en die van sy land kan verseker of verbeur nie, maar in die sin van 'n verbondsverhouding, d.w.s. 'n deur God bepaalde en gelegde verhouding. Die verskil is egter dat die verbondsverhouding by Israel 'n besondere, die Sinaïtiese, was en by die afsonderlike volke en hulle lande dit 'n algemene, die Noagitiese.

Die Sinaïtiese was dat God met Israel, die besonder begunstigde volk en sy land (vgl. Jes. 5) sou handel volgens hulle sondes. Die Noagitiesewas dat die Here met die nasies en hulle lande nie sou handel volgens hulle sondes nie (Gen. 8:21,22). Hy sou sy son laat opgaan oor slegtes en goeies en laat reën op regverdiges en onregverdiges (Matt. 5:45, Hand. 14:17). In die gangbare godsdienstigheid gaan die Noagitiese skuil agter die Sinaïtiese; word ons volkslewe geplaas op die basis van verdienstelikheid en prestasies in plaas van 'n genade-grondslag; tree ootmoed en dankbaarheid wat weet van genade alleen ook in op die volkslewe, op die agtergrond om plek te maak vir 'n ingesteldheid wat homself verhef op die oordele wat ander volkere en hulle lande tref, soos die geval van die Galileërs, en die mense wat getref is deur die ramp van die toring van Siloam (Luk. 13:1-5). Die antwoord van die Here Jesus kom daarop neer dat mens maar net in ootmoed kan dank dat die rampe jou volk en land nie getref het nie, want daar "is geen onderskeid nie" (Rom. 3:22).

## Verskil

'n Groot verskil tussen Israel en die nasies is dat Israel ook openbaringsvolk is, nie alleen in die sin dat God sy woorde aan hulle toevertrou het nie (Rom. 3:2), maar ook dat die hele geskiedenis van Israel 'n openbaring van God op die nasies is. Die openbaring in die besondere volk aan die afsonderlike volkere is, dat geen nasie enige geregtigheid het van sy eie waarop hy voor God kan staan nie, ook met betrekking tot sy land en sy toekoms. Dit beklemtoon die Noagitiese verbond vir die volkere, waarby Paulus ook aansluit (Hand. 14:17).

Ander menings is dat die gegewens omtrent Israel en sy land beperk moet word tot Israel hetsy dan te verstaan as vleeslike Israel, met die verwagting van 'n letterlike vervulling van die profesieë, wat inhou die herstel van die gebroke verhouding tussen land en volk in 'n duisendjarige ryk (Chiliasme) hetsy te verstaan as geestelike Israel (die Kerk) wat die natuurlik Israel kom vervang. Die geskiedenis van Israel en sy land - ballingskap en terugkeer - beteken in hierdie geval: ondergang van die volk Israel om 'n geestelike Israel daaruit te laat opstaan. Aldus die gangbare vergeesteliking onder andere van Esegiël 37.

By al die heftigheid waarmee hierdie twee menings mekaar bestry, is hulle hierin een, dat die afsonderlike volkere en hulle lande los staan van die besondere volk Israel en sy land, in die een geval so, dat die toekoms van Israel en sy land die van die ander volkere en hulle lande, ook van eie volk en land, geheel oorskadu; in die ander geval so, dat die afsonderlike volke en hulle lande soos Israel opgelos word in die geestelike Israel, en die gelowige ook innerlik losgemaak word van sy land en volk. Land en volk is dan hoogstens "voorlaaste dinge" wat heenwys na 'n hoëre geestelike gemeenskap en waardes.

Die betekenis van die besondere volk Israel en sy land vir elke volk en land kan alleen ingesien word as die besondere volk Israel en sy land nie losgemaak word van die afsonderlike volkere en hulle lande nie, en ook die geestelike nie van die letterlike nie. Hier kan slegs 'n aanduiding gegee word. Die terugkeer van Israel na sy land sien ten diepste op die geestelike terugkeer tot God (Mark. 1:3,4 ev, Jes. 40:3). Die terugkeer van Israel het egter ook letterlik plaasgevind. Dit was, dat hulle daar, in hulle land (Mark. 1:5) deur Johannes die Doper tot bekering gebring sou word, dat daar die Heilige Gees op hulle uitgestort sou word (Eseg. 36:24-38, 20:40-44). Die dieper grond vir hulle terugkeer was, dat daar, in hulle land van die belofte, die Christus gebore sou word. Hy moes juis daar gebore word, in Betlehem (Miga 5:1) as vrug van die land. Christus het sy geboortegrond gehad, sy vaderland, sy moedertaal. Daar het Hy die Nuwe Testament opgerigin sy bloed.

Wat was die inhoud van die Testament? En wie die erfgename? Die Testament het 'n geestelike erfenis bevat: die koninkryk van die hemele en sy geestelike goedere. Maar ook 'n letterlike erfenis: die Koninkryk van die hemele sluit ook die aardryk in as erfdeel van die regverdiges (Matt. 5:3,5). Dit is die erfdeel van die volk van God. Die volk van God is die gelowiges uit alle nasies en stamme en volke en tale (Open. 7:9), en die gelowiges uit Israel en al sy stamme (Open. 7:4-8).

Mag ons ook sê: Alle nasies en stamme en volke en tale en geslagte in hulle gelowiges? Dan beteken die terugkeer uit die ballingskap nie alleen 'n geestelike opstanding vir Israel nie maar ook 'n letterlike

opstanding uit die dode (Eseg. 37:12,13; Rom. 11:11,15) om sy erfdeel te ontvang op die nuwe aarde, "want soos die nuwe hemel en die nuwe aarde wat Ek maak, voor my aangesig sal bestaan, spreek die Here, so sal julle nageslag en julle naam bestendig wees" (Jes.66:22).

Maar dan ook vir elke geslag en volk in sy gelowiges wat vreemdelinge en bywoners is in hulle vaderland wat, al is dit vry, staan onder die heerskappy van die dood. Die erfgenaam is die menslike geslag: die boom met sy vertakkinge soos dit gegroei het deur die eeue.

Dit is die betekenis van die besondere volk Israel en sy land vir die afsonderlike volkere in hulle lande. Israel is afgesonder van die volkere in sy land om tot 'n seën te wees vir die afsonderlike volkere in hulle lande, in sy saad - in Christus.

Die band tussen land en volk is soos by Israel nie alleen 'n natuurlike, kulturele, ideële nie maar ook testamentêr: dit is 'n saak van geregtigheid. Deur die geloof is 'n volk geregtig op sy land. So kan 'n volk eers met reg spreek van sy land as sy erfenis.

★★★★★

## Boekresensie:

## HEILSVERWAGTING

### Preekbundel (1994) deur prof. L. Floor

**Prys: R 29-50**
**Beskikbaar by skrywer: Rebupliekstr. 68, Baillie Park, Potchefstroom 2520**

Gedurende 1992 het prof. Floor vir 'n tydperk van drie maande by die Heidelbergse Gereformeerde gemeente deurgebring. Die dertig preke wat hy daar gelewer het, is in hierdie preekbundel opgeneem.

### Formeel

Die preekbundel leen homself vir leesdienste: elke preek is voorsien van 'n liturgie, terwyl die teksvers uit die 1983-vertaling ook aan die begin voorkom. Die tegniese afwerking is goed en die preke is in 'n maklik leesbare styl geskryf. Nege van die preke is uit die Ou Testament.

### Inhoudelik

Die preke getuig, soos al Floor se geskrifte, van diepsinnige en deeglike eksegese. Die eksegese is vars en nuut, en Floor dui betekenisvolle kontraste baie goed aan (vgl. preek 15: "Kind teenoor keiser"). Gereeld word die Skrif met Skrif vergelyk sodat verskillende verbande in die Bybel na vore kom.

### Historiese stof

Iets wat besonder uitstaan, is die rigtinggewende hantering van historiese stof. Daar word veilig van eksemplarisme wegbeweeg, terwyl die Christus-prediking verrassend is. Voorbeelde hiervan is die vierde preek, oor Jonatan wat as kroonprins sy wapens aan Dawid, die toekomende koning, afgee. Hierin sien Jonatan Dawid se heenwysing na Christus, en reageer onderdanig op die openbaring van God. In die preek "Josef se beker" word geloofsloutering en skuldbelydenis besonders aan die hand van 'n weggesteekte drinkbeker gedoen.

'n Sterk element in die preke is dat die Heilige Gees en die Gees se werk gereeld aangedui word. Nooit word God die Vader, Seun en Gees van mekaar geskei nie, maar altyd word die werk van veral die Heilige Gees en Christus goed onderskei.

### Bevindelike prediking

Enigiemand wat al Floor hoor preek het, weet dat hy 'n besondere gawe het om bevindelik te preek - en dit kom ook in die preekbundel oor. Die bevindelikheid blyk waar die leser onontkenbaar voor en met Christus gekonfronteer word. Die Godsopenbaring word so gebring dat daar nie plek is vir 'n belangelose kennisname van die preek nie. Die leser se band (en geloofslewe) word voor God se handeling in Christus gestel. Om die preke te lees, is 'n vertroostende maar ook 'n ontstellende ervaring, omdat mens telkens bewus word van die noodsaak tot geloofsgroei, maar ook die nood van geloofstekorte raakgesien word.

### Toepassing

Die toepassings wat telkens getrek word, is algemeen menslik. Tog sou mens ietwat meer van die toepassings wou sien, alhoewel daar begrip is daarvoor dat 'n preekbundel nie in individuele problematieke mag verval nie.

### Eenvoud

Die preke is diep vanweë die eenvoud. 'n Kind sal dit kan verstaan, terwyl 'n volwassene weer 'n kind word by die lees daarvan, aangesien perspektiewe oopgaan wat mens weer laat besef dat die rykdom van die Skrif inderdaad onpeilbaar is.

Die preekbundel "HEILSVERWAGTING" word sterk aanbeveel, nie alleen om in leesdienste gebruik te word nie, maar veral om deur persoonlike Woordontmoeting tot geloofsgroei te kom. Die preekbundel sal 'n aanwins wees vir enige huisgesin en kan ook 'n geskikte geskenk aan 'n geesgenoot wees.

★★★★★

# Grondslae

*van*

# Die Gereformeerde Persvereniging Veritas

*★ Die vereniging stel as noodsaak die terugkeer na die Woord van God, as gevolg van die algemene verval en die afwyking vanaf God se Woord, op al die verskillende lewensterreine.*

*★ Die grondslag van die vereniging is die Woord van God, die Bybel, soos vertolk deur die gereformeerde belydenisse, onder andere die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls.*

*★ Die doel van die vereniging is om hoofsaaklik deur die geskrewe woord die volle waarheid van God se Woord uit te dra.*

## WAARHEID EN DWALING

Maandblad van die Gereformeerde Persvereniging Veritas

Prof./Dr./Ds./Mnr./Mev./Mej. ..............................

Adres: ..............................

..............................

..............................

Poskode: ..............................

Intekengeld: R36,00 Per Jaar (Voorlopig)

Vrywillige Donasie: ..............................

Datum: .............................. Handtekening: ..............................

Stuur u inskrwyingsvorm aan:

Die Redaksie/Administrasie
P/a A.L.A. Buys
Waarheid en Dwaling
Posbus 525
Piet Retief
2380

Of skakel: P.S. Steenkamp: 01343 - 2496 N/u

GEDRUK DEUR PIET RETIEF DRUKKERS

UITGEGEE DEUR: GEREFORMEERDE PERSVERENIGING VERITAS